



Mondstuk van die canolawerkgroep

Januarie 2003 No 17

Canola kultivarevaluasie :Wes- en Suid-Kaap 2002

D J Hanekom, P Lombard en H de Wet

Inleiding

Canola produksie in die Wes- en Suid-Kaap gedurende die 2002 seisoen is gemerk deur besonder goeie oeste wat deur verskeie produsente behaal is. Die goeie neerslae wat gedurende die groeiseisoen in beide gebeide voorgekom het, het grootliks hiertoe bygedra. Die kennis en ervaring van produsente wat toeneem met hierdie relatief nuwe gewas het ook duidelik na vore gekom en het verseker 'n bydraende rol gespeel tot die beter opbrengste wat behaal is. Alhoewel daar steeds probleme met die gewas in sommige areas en deur van die produsente ervaar word, wil dit voorkom of al hoe meer vertroue in die potensiaal van canola as wisselbougewas geplaas word. Heelwat probleme sal egter in die toekoms nog aangespreek moet word, maar dit is duidelik dat die gewildheid van die gewas toeneem soos produsente die heilsame effek van canola waarneem. Oppervlaktes het in 2002 met bykans 37% in vergelyking met verlede jaar in die Wes- en Suid-Kaap toegeneem, met na raming sowat 32 300 ha canola wat aangeplant is. Daar is ook sowat 500+ hektaar in die Somerreënvall aangeplant. Die oppervlaktes (ha) wat gedurende die 2002 seisoen onder canola verbou is, het as volg daaruit gesien

BNK	5100	CRK	8700
SSK	8300	Tuinroete Agri	1000
MKB	3300	Boland Agri	1000
WPK	4900	Sommerreënvallgebied	500

Die Hoofdirektoraat:Landbou het gedurende die 2002 seisoen 'n reeks kultivar proewe in die Suid- en Wes-Kaap streke uitgevoer. Ses lokaliteite wat strek van Mosselbaai tot Caledon is in die Suid-Kaap strek uitgevoer terwyl daar ook ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil aangeplant is. By elk van die proefplase in die twee gebiede naamlik by Tygerhoek en Langewens in onderskeidelik die Suid- en Wes-Kaap is beide 'n vroeë en 'n laat aanplanting gedoen. Demonstrasieproewe is ook op Swellendam, Bredasdorp, Malmesbury en Pools uitgevoer. As gevolg van voëlskade kon geen opbrengssyfers by Bredasdorp ingesamel word nie.


Reënval oorsig

Klimaatstoestande tydens die 2002 seisoen is gekenmerk deur baie gunstige toestande wat in beide die Suid-Kaap en Swartland voorgekom het. Baie goeie reënval het oor bykans die hele strek voorgekom en afgesien van effe koue toestande gedurende Junie was temperature gematig oor die hele groeiseisoen. Die reënvalsyfers soos dit by die verskillende gebiede voorgekom het word in figuur 1 getoon.

Agronomiese praktyke


- Bewerking:** Afgesien van die primêre bewerkings wat deur medewerkers gedoen is, is die proefpersele in die Swartland voor plant met 'n Agritec ghrop bewerk. Die proewe in die Suid-Kaap is vooraf met 'n Kongskilde bewerk.
- Vestiging:** Die proewe is geplant met 'n Wintersteiger perseelplanter. Die duisendkorrelmassa, ontkiemings% van elke kultivar is bepaal. Saaidigtheid is bereken ten einde 'n mikpunt van meer as 70 plante/m² te verseker.
- Bemesting:** Alle bemesting wat toegedien is, is gebaseer op grondontledings wat by elke proefperseel geneem is. Stikstofbemesting is volgens aanbeveling gedoen en is aangepas volgens grondtipe en langtermyn reënvallyfers en het gewissel van 85 tot 100 kg N/ha wat as standaard in drie paalemente toegedien is. As standaard is molibdeen tydens die rosette-stadium toegedien asook 'n boor bespuiting teen die einde van die stingelverlengingsfase.
- Onkruidbeheer:** Onkruidbeheer waar nodig is volgens onkruidspesie en -druk toegepas. Hoofsaaklik is daar gebruik gemaak van 'n voorsaaibespuiting met Butisan S (metazachlor) gevolg deur naopkomsbeheer met Focus Ultra (cycloxydim). Waar breëblaar onkruid 'n probleem was, is 'n middel wat tans op registrasie wag, gebruik met uitstekende resultate teen veral emex-dubbeltjie. Volgens alle aanduidings behoort hierdie middel teen 2003 beskikbaar te wees.
- Insekbeheer:** Die beheer van insekte het hoofsaaklik bestaan uit 'n bespuiting met plant teen rooibeensandmyt en lusernerdvlooi, gevolg deur bespuitings later in die seisoen vir die beheer van plantluise, ruitrugmotte en bolwurms. Die middels wat gebruik is, was Dimet(dimetoot) - 750 ml/ha, Thioflo(endosulfan) - 1l/ha en Dursban(chlorpirifos) - 100ml/100l. Die voorkoms van insekte is gemonitor deur skepnette en lokvalle waarna drumpelwaardes gehandhaaf en dienoreenkomstig gespuit is.
- Swambeheer:** Geen swambeheer is op canola toegepas nie.
- Oesaksies:** Persele is direk gestroop met behulp van 'n Wintersteiger stroper waarna die saad skoongemaak en toegelaat is om 'n resulterende vogpersentasie te bereik voordat dit geweeg is.

Philadelphia(Boterberg)




Figuur 2. Opbrengs van canola kultivars by die Philadelphia lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 8.92% KBV = 0.333 - Plantdatum = 29/04/2002)

Malmesbury (Grasrug)




Figuur 3. Opbrengs van canola kultivars by die Malmesbury lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 11.26% KBV = 0.462 - Plantdatum = 02/04/2002)

Moorreesburg(Langgewens Saaityd 1)




Figuur 4. Opbrengs van canola kultivars by die Langgewens lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 11.02% KBV = 0.353 - Plantdatum = 09/05/2002)

Moorreesburg(Langgewens Saaityd 2)




Figuur 5. Opbrengs van canola kultivars by die Langgewens lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 17.32% KBV = 0.371 - Plantdatum = 27/05/2002)

Darling (Goedemoed)




Figuur 6. Opbrengs van canola kultivars by die Darling lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 16.26% KBV = 0.371 - Plantdatum = 31/05/2002)

Porterville (Keerom)




Figuur 7. Opbrengs van canola kultivars by die Porterville lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 15.74% KBV = 0.474 - Plantdatum = 01/05/2002)

Eendekuil (Lemoenkloof)




Figuur 8. Opbrengs van canola kultivars by die Eendekuil lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 22.57% KBV = 0.418 - Plantdatum = 07/05/2002)

Caledon(Serjaensrivier)




Figuur 9. Opbrengs van canola kultivars by die Caledonl lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 6.29% KBV = 0.313 - Plantdatum = 30/04/2002)

Riviersonderned (Tygerhoek Saaityd 1)




Figuur 10. Opbrengs van canola kultivars by die Tygerhoek lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 9.72% KBV = 0.304 - Plantdatum = 30/04/2002)

Moorreesburg (Tygerhoek Saaityd 2)




Figuur 11. Opbrengs van canola kultivars by die Tygerhoek lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 11.94% KBV = 0.340 - Plantdatum = 28/05/2002)

Napier (*Panorama*)




Figuur 12. Opbrengs van canola kultivars by die Napier lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 4.29% KBV = 0.170 - Plantdatum = 01/05/2002)

Swellendam(*Kliphoogte*)




Figuur 13. Opbrengs van canola kultivars by die Swellendam lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 5.77% KBV = 0.244 - Plantdatum = 02/05/2002)

Heidelberg (Hillsdene)



Figuur 14. Opbrengs van canola kultivars by die Heidelberg lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 10.05% KBV = 0.244 - Plantdatum = 02/05/2002)


Mosselbaai (Kleinberg)



Figuur 14. Opbrengs van canola kultivars by die Mosselbaai lokaliteit gedurende 2002.
(KV% = 13.50% KBV = 0.561 - Plantdatum = 14/05/2002)

Demonstrasieproef Heidelberg
(Voorstekop : Dirk van Papendorf)


Landvoorbereiding :	Geen bewerking , RoundUp (1.5 liter/ha) 2 voorsaaï bespuitings	
Saaidatum :	2 Mei 2002	
Saaidigtheid :	3.5 tot 4.0 kg/ha	
Bemesting :	100 kg/ha 3:1: 0 (38) + S met saai 100 kg/ha 1:0:0 (40) - Kopbemesting	
Sputprogram :	400 ml/ha Galant	30 Mei
	40 ml/ha Folimat	
	150 ml/ha Cypermetrin	
	500 ml/ha Galant	20 Junie
	3 kg/ha Photrel	8 Julie
	500 ml/ha Dimetoot	
	150 ml/ha Cypermetrien	



Demonstrasieproef Malmesbury

(Elim : Dirk Lesch)

Landvoorbereiding	:	Geen bewerking , RoundUp (1.0 liter/ha) 1 voorsaai bespuiting	
Saaidatum	:	3 Mei 2002	
Saaidigtheid	:	4.5 kg/ha	
Bemesting	:	250 kg/ha 4:1: 0 (19) 150 kg/ha Ureum – Kopbemesting 50 kg/ha Ureum	met saai 11 Julie 20 Julie
Spuitprogram	:	2.5 l/ha Simasien op TT kultivars 500 ml/ha Galant Super 150 ml/ha Rogor	met saai 20 Mei 1 Junie



Canolademonstrasieproef Pools

Abrie Richter : Langvlei

Saaidatum	:	10 Mei	
Saaidigtheid	:	4 kg/ha	
Saadbedvoorbereiding	:	Geen – canola gevestig met Flexicoil	
Bemesting	:	120 kg/ha 2:1:0 (37) + S met saai 40 Kg/ha N (Ureum) as kopbemesting	8 Julie
Bespuittings	:	Galant Super 400ml/ha Dimetoot 150 ml/ha	11 Junie
		Cypermethrin 200ml/ha + olie	25 Sept

